

Die betekenis van 'n sterk rand Plaaslike ekonomiese nuus: November 2010

Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life

Die betekenis van 'n sterk geldeenheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie

Die mees aktuele kwessie die afgelope paar weke was die sterkte van die rand teen die Amerikaanse dollar en ander geldeenhede van ons handelsvennote. In hierdie artikel kyk ons na die betekenis daarvan vir ons plaaslike ekonomie.

Uitwerking op vervaardiging

'n Sterk rand is skadelik vir die plaaslike vervaardigingsektor omdat uitvoerprodukte duurder word terwyl ingevoerde goedere goedkoper raak. In albei gevalle is die prys van plaaslike produkte minder mededingend. Aangesien vervaardiging sowat 15% van die Bruto Binnelandse Produk (BPI) bydra, asook 'n aansienlike aantal werksgeleenthede, is die vertoning van die vervaardigingsektor belangrik vir die ekonomie.

Swak uitvoere kan egter nie net aan die wisselkoers toegeskryf word nie. 'n Lae ekonomiese groeikoers by ons handelsvennote, veral in Europa wat ons vernaamste handelsvennoot is, het ook 'n rol gespeel. Die vertoning van die plaaslike vervaardigingsektor sal kwesbaar bly totdat ons 'n volgehoue ekonomiese herstel en beter verbruikersvraag by ons handelsvennote sien. Hoewel dit nie betwis kan word nie, dat die sterk rand 'n terugslag is vir die uitvoergerigte sektore van die ekonomie, sou dit ook 'n fout wees vir die vervaardigingsektor om vir beter mededingendheid op 'n swak rand staat te maak.

Mynbedryf geraak

Die ander sektor van die ekonomie wat deur die sterk rand geraak word, is die mynbedryf. Met 'n skerp styging in kommoditeitspryse het die goudprys ook tot ongekende hoë vlakke gestyg. Vanweë die sterkte van die rand kon Suid-Afrikaanse mynmaatskappye egter nog nie voordeel daaruit trek nie.

Daar is 'n positiewe kant

Alles in ag genome, hou 'n sterk geldeenheid tog vir die ekonomie sekere voordele in. Die sterk rand is voordelig vir inflasie, omdat dit sorg dat die koste van invoergoedere baie laag bly. Lae inflasie beteken dat rentekoerse langer kan laag bly, wat verbruikers – veral die armes – bevoordeel, omdat dit spaar- en bestedingskrag bevorder. Lae rentekoerse en 'n lae inflasiekoers is voordelig vir verbruikers wat swaar

gebuk gaan onder huishoudelike skuld as 'n persentasie van die BBP teen 78.2% in die tweede kwartaal van 2010.

Hoewel die waarskynlikheid klein is, is daar tog ruimte vir die Reserwebank om rentekoerse verder te verlaag by die laaste vergadering van die jaar, ten einde die brose ekonomiese groei 'n hupstoot te gee. Die Reserwebank se vernaamste aanwyser van ekonomiese groei het ietwat afgeneem, wat swak groei vorentoe voorspel.

Hoe gemaak met die rand

Dit is nie 'n uitsluitend Suid-Afrikaanse probleem nie; alle opkomende markte beleef dieselfde dilemma namate geld in hulle verbandmarkte invloei op soek na hoër opbrengste. Dit wil voorkom asof beleggers meen die hoër opbrengs wat in opkomende ekonomiese gebied word, dra meer gewig as die risiko's wat gewoonlik met hierdie markte geassosieer word.

Die SARB en die Tesourie is ook bekommerd oor die sterkte van die rand. Die uitdaging is wat om daaromtrent te doen. Vir Suid-Afrika kan regstreekse ingryping miskien 'n duur opsie wees. Volgens die Goewerneur van die Reserwebank word die doeltreffendheid en toepaslikheid van maatreëls wat deur ander lande ingestel is, geëvalueer en na gelang van die uitslag sal daar besluit word op stappe wat Suid-Afrika kan doen, indien enige.

Mediumtermyn Begroting-Beleidsverklaring

In sy Mediumtermyn Begroting-Beleidsverklaring het die Minister van Finansies, Pravin Gordhan, gesê die regering sal fondse beskikbaar stel aan die SARB om reserwes op te bou sodat die bank kan bepaal 'of daar geleenthede is om te verhinder dat dit verder styg'. Wisselkoersbeheer is ook verder verslap en Suid-Afrikaners word nou toegelaat om R4 miljoen per jaar uit die land te neem, wat byvoorbeeld nuwe beleggingsmoontlikhede oorsee skep vir diegene wat dit kan bekostig.

Verdere goeie nuus vir die ekonomie is dat die minister 'n opwaartse hersiening van die BBP-groei aangekondig het, van 'n vroeëre konserwatiewe skatting van 2.3% tot 3% vir 2010. Dit word ook voorspel dat inflasie vir 'n langer tydperk redelik laag sal bly, wat impliseer dat rentekoerse dieselfde neiging sal hê. Regeringsfinansies lyk voorts gesonder aangesien belasting-inkomste verbeter het sedert sy toespraak in Februarie. Die Regering se volgehoue toegewydheid aan fiskale dissipline is goeie nuus vir die ekonomie en ondersteun die SARB se pogings om die land 'n aantreklike beleggingsbestemming te maak.

Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inklusief, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.

